

SOLFANOTASIE - Graad 3

In graad 3 gaan jy die volgende byleer by die solfanotasie wat jy reeds ken:

- Die tydmaatteken $\frac{4}{4}$
- Agstenoot en agste rus
- Gepunteerde kwartnoot
- Die toonsoorte A en E-mol majeurs word bygelas

1. $\frac{4}{4}$ - TYD.

Die maatslae in $\frac{4}{4}$ tyd word soos volg verdeel:

Solfanotasie

$\frac{4}{4}$ | : | : |

Balknotasie



- 'n Korter vertikale lyn (|) verdeel die maat in die **helfte**.
- 'n Dubbelpunt verdeel die twee halwes in **kwarte**. Die maatslag is weer 'n kwartnoot (een telling).
- Die dele wat ons gemerk het, dui **een maatslag** aan, maar is nie deel van solfanotasie nie.

VOORBEELD:

Do is C

$\frac{4}{4}$ | s : l | t : d¹ |


maatslae



Oef. 2/1**NOTEER DIE VOLGENDE TWEEMAAT-FRASES VAN SOLFANOTASIE NA BALKNOTASIE:**


1 Do is F

$\frac{4}{4}$ | d¹ : — | — : d¹ | — : t | d¹ : — |




2

$\frac{4}{4}$ | m : s | d¹ : t | d¹ : — | — : |




3

$\frac{4}{4}$ | d : r | m : f | — : s | d¹ : — |





4

$\frac{4}{4}$ | d¹ : d¹ | : | t : s | d¹ : — |



5

$\frac{4}{4}$ | s : — | l : t | d¹ : — | — : |



2. AGSTENOOT EN AGSTERUS.

- **Agstenoot:**

‘n Kwartmaatslag word in die helfte verdeel deur ‘n **punt** (.) om agstenote aan te dui. Agstenote kry ‘n **halwe maatslag** (halwe telling).

VOORBEELDE:




Solfanotasie:

$\frac{2}{4}$ | . : . |

$\frac{3}{4}$ | . : . : . |

$\frac{4}{4}$ | . : . | . : . |

Balknotasie:



Agstenote op *do* sal dus soos volg geskryf word:

Solfanotasie:

Do is C

$\frac{2}{4}$ | d . d : d . d |

$\frac{3}{4}$ | d¹.d¹: d¹.d¹: d¹.d¹ |

$\frac{4}{4}$ | d¹.d¹:d¹.d¹ | d¹.d¹:d¹.d¹ |

Balknotasie:



Hier volg 'n voorbeeld met verskillende toonhoogtes:

Do is C

$\frac{4}{4}$ | d¹ : s . l | s : m . f | m : r . m | d : — |

Oef. 4/1

NOTEER DIE VOLGENDE TWEEMAAT-FRASES VAN SOLFANOTASIE NA BALKNOTASIE:

1 Do is D

$\frac{3}{4}$ | s : s . l : m | r : r . m : d |

2


$\frac{2}{4}$ | s . l : t . d¹ | m . r : d |

3


$\frac{4}{4}$ | m . s : d¹ | t . l : s | — : d¹ . t | : d¹ |

4

$\frac{4}{4}$ | d¹ : s . l | s : m . f | m : r . m | d : — |



5
 $\frac{4}{4}$ | s . d¹ : t . l | m : s | d¹ : — | — : |



• **Agsterus:**

Net soos by die agstenoot word 'n kwartmaatslag in die helfte verdeel deur 'n punt (.) om agsterustekens aan te dui. Die leë spasio dui weereens die rusteken aan.

VOORBEELD:

$\frac{2}{4}$ | m . : r . | d . : |





Oef. 5/1

SKRYF DIE VOLGENDE TWEEMAAT-FRASES OOR IN BALKNOTASIE:

1


Do is B-mol

$\frac{2}{4}$ | s . : l . t | d¹ : — |




2

$\frac{4}{4}$ | d¹ : m . f | s : d¹ | — : t | d¹ : |



3. GEPUNTEERDE KWARTNOOT.

'n Gepunteerde kwartnoot () kry een en 'n halwe maatslag ($1\frac{1}{2}$ telling) en word soos volg geskryf:

VOORBEELD:

Do is C

$\frac{2}{4}$ | d¹ :—, s | l . t : d¹ |




Oef. 6/1


TRANSKRIBEER DIE VOLGENDE VAN SOLFANOTASIE NA BALKNOTASIE:

1

Do is C



$\frac{3}{4}$ | s :—, l : s . f | m . s : d : d |



2


$\frac{4}{4}$ | s . l : s . m | : d¹ | — : t . s | d¹ : — |



4. ANDER TOONSOORTE.

Die toonsoorte wat vir hierdie eksamen vereis word, is:
C, G, D, A, F, B-mol en E-mol majeurs.

VOORBEELD: Do is E-mol



'n Voorbeeld in G-majeur: Do is G

$\frac{4}{4}$ | m :— . | d . r : m . f | s : l . t | d¹ : |




Oef. 7/1

NOTEER DIE VOLGENDE TWEEMAAT-FRASES VAN SOLFANOTASIE NA BALKNOTASIE:


1 Do is C

$\frac{3}{4}$ | d¹ : t . l : s | — : m . r : d . |




2

$\frac{4}{4}$ | d : m | : | s : l . t | d¹ : — |





3

$\frac{3}{4}$ | s : — . s : s . d¹ | t . l : s . s : d¹ |




4


$\frac{4}{4}$ | m :— . | d . r : m . f | s : l . t | d¹ : |



5
 4 | d :r.m | d :m.s | d¹ :m.r | d :— |



6
 4 | d¹ :s.f | m : d | — :m.s | d¹ :— |



Herhaal Oef.7/1 met die volgende toonsoorte:

Do is G

Do is D

Do is A

Do is F

Do is B^b

Do is E^b

Gebruik jou eie musiekpapier.

*

*

*